**Skriflesing:** Josua 24:1-28
**Tema:** Maak jou kruisie op die regte plek

Ek leen vir die inleiding ‘n paar opmerkings uit die artikel: “Gee my ‘n ware man vir Vadersdag” van Christina Landman.
Daar is nie eintlik 'n stereotipe van "die man" in die Bybel nie. Die Bybel is vol gelowige mans, met foute, wat op God vertrou. Dikwels leer hulle, deur hulle foute, om meer op God te vertrou.
Daar is Noag wat, saam met sy familie, deur God van die vloed gered word. Maar pas terug op vaste grond, moet hy uit sy dronkenskap en skandes wat daarmee saamgaan, opstaan.

Daar is Isak wat liewer vir sy een seun, Jakob, is as vir Esau. En dit veroorsaak, tot vandag toe, steeds moeilikheid.

Daar is Moses wat sy kinders by sy vrou, Sippora, verwaarloos het. Hy kry dit tog reg om in gesprek met God te bly. Maar weens sy en die volk se oortredings, mag hy nie sy mense tot in die beloofde land lei nie.

Daar is Dawid, die man na God se hart, wat egbreuk en moord pleeg en hartverskeurend treur oor sy seuns wat sy koninkryk wil afvat.

En so kan ons aangaan. ‘n Volmaakte man soek jy tevergeefs in die Bybel. Almal maak soms droog. Maar ons kan nie daaragter gaan skuil nie. Ons moet leer uit hulle foute. Vermy die kwaad en dien die Here onvoorwaardelik.

Een so man en vader wie se voorbeeld ons kan volg, is Josua. Hier in Josua 24 staan die volk Israel aan die vooraand van ‘n nuwe toekoms. Onder die hand van die Here is die beloofde land verower en verdeel.

Die vraag is hoe nou verder? Voordat Josua sterf, bevestig Hy dat God die volk gekies het. En Hy daag die volk uit om te kies vir God. Met ‘n blik op die verlede, roep hy die volk op tot ‘n geloofkeuse vir vandag en môre.

In sy volk se geskiedenis is God die hooffiguur. By elke stilhouplek van die verlede staan sy Naam, sy keuse en sorg vir sy volk, in hoofletters geskryf.

Dit begin reeds by Abraham en sy mense wat ander gode gedien het. God het sy familie tussen hierdie ander gode gaan uithaal en hulle geseën.
Ons hoor in die gelese gedeelte van God in aksie en hoe Hy telkens vir sy volk kies. God sê:

- Ek het Abraham anderkant die Eufraat geneem en hom Kanaan laat deurgaan.
- Ek het Hom baie nakomelinge gegee en vir hulle blyplekke gegee.
- Ek het Moses en Aäron gestuur en Egipte met plae getref.
- Ek het julle voorvaders uit Egipte gebring.
- Ek het dit laat donker word tussen my volk en die Egiptenare en hulle leër laat verdwyn onder die water.
- Ek het julle na die land van die Amoriete gebring en hulle in julle mag oorgegee.
- Ek het nie na Bileam geluister nie en hy moes julle teen wil en dank seën.
- Ek het julle gered uit die hande van Balak.
- Ek het mense van Jerigo (7 nasies) in jul hand oorgegee.
- Ek het twee Amoritiese konings laat moed verloor.

In Josua 24:13 lees ons: “Ek het julle 'n land gegee wat julle nie bewerk het nie, stede wat julle nie gebou het nie, maar waar julle kon gaan woon; julle eet van wingerde en olyfboorde wat julle nie geplant het nie.”

Wanneer jy op jou lewenspad terugkyk, is daar talle plekke waar jy saam met Israel die absolute trou van die HERE kan raaksien. Hy kies vir ons en kom sy beloftes na. Die kruis is die duidelikste bewys van sy liefdeskeuse vir elkeen v ons. Hy sorg vir sy kinders. Hy bederf ons met ‘n lewe van oorvloed wat uitloop op die ewige lewe. Alles wat jy het, is aan God te danke. Alles wat jy is, is ‘n geskenk uit sy hand.

Maar ons kan nie net in verwondering staan en kyk na God se dade van krag en trou in ons verlede nie. Sy trou en liefdekeuse vir ons, roep elkeen van ons op tot ‘n keuse.

In Josua 24:14-15 maak die Bybel vandag weer 'n appèl op ons: “[14]Betoon dan nou eerbied aan die Here en dien Hom met opregtheid en met trou. Sien af van die gode wat julle voorvaders anderkant die Eufraat en in Egipte gedien het, en dien die Here. [15]Of, as julle dit nie goedvind om die Here te dien nie, kies dan vandag wie julle wil dien: die gode wat julle voorvaders gedien het anderkant die Eufraat, of die gode van die Amoriete in wie se land julle woon. Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.”

Josua stel die voorbeeld. Josua beteken "die Here gee redding". Sy naam bevestig dit wat hy glo.
In Numeri 13 en 14 word 12 verkenners gestuur om Kanaän te gaan verken. Al 12 kom met ‘n baie positiewe verslag terug. Tien manne sê egter dat hulle nie die land kan inneem nie, want daar woon reuse wat sterker as hulle is.
Josua en Kaleb praat geloofstaal: “Die land wat ons gaan verken het, is 'n buitengewoon goeie land. [8]As die Here ons goedgesind is, sal Hy ons na hierdie land toe bring en dit aan ons gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning. [9]Julle moet net nie teen die Here in opstand kom nie. Moet ook nie vir die mense van die land bang wees nie, want ons sal hulle maklik verslaan. Hulle gode sal hulle nie kan beskerm nie. Die Here is by ons. Moenie vir hulle bang wees nie!” (Numeri 14:7b-9)

God is vir Josua alles en eerste.  Daarom het hy en sy familie reeds hulle keuse gemaak: “Wat my en famile aan betref, ons sal die Here dien.”

God vra vandag steeds sulke mense, manne en vaders soos ons, om te kies om Hom onvoorwaardelik te dien.

Die volk verbind hulle aan God met 'n belydenis: Ons sal nooit die Here los om ander gode te dien nie. Al die stamme bevestig hulle toewyding aan die Here: Hy is ons God.

Josua het sy mense egter goed geken. Hulle toewyding aan die Here is, om die minste te sê, twyfelagtig.

In die daaropvolgende gesprek waarsku hy hulle daaroor. Julle mag nie gedeelde trou aan die Here bewys en ook vreemde gode dien nie. Hy is 'n heilige God. (vgl Josua 5:15) Die enigste manier om Hom te dien, is onvoorwaardelik met volle oorgawe en toewyding.
Dit is baie gevaarlik om die Here halfhartig te dien. Hy is nie daarmee tevrede nie. Gedeelde trou is vir Hom ontrou. Dit is dieselfde as opstandigheid en sonde. Hy verwerp sulke lou geloof.

Wie enige iets of iemand bo Hom stel, dit kan iets soos familie, werk, sport of finansies ens. wees, is Hom nie werd nie.

Ná Josua se aandrang om die vreemde gode onder hulle te verwyder, bevestig die stamme hul voorneme om die Here alleen te dien. Hulle verbind hulleself tot gehoorsame diens aan Hom alleen.

Soos Josua en die volk moet ons erns maak met ons toewyding aan God. Hy roep ons op om te kies - alles of niks; die Here of afgode.
Wanneer ons in geloof vir Hom kies, moet ons volledig en doelgerig vir Hom leef.

**Afsluiting**
God het vir elkeen van ons gekies. Die kruis laat ons met geen twyfel daaroor nie.

Vanoggend word almal van ons, in besonder ons as Vaders opgeroep om weer te kies.
Mag elkeen van ons opnuut en elke dag saam met Josua kies: “Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.”
Amen